TWINTIG GOUE JARE

IZAK EN ANSO

FOURIE



Die hoof en sy vrou, Izak en Anso Fourie, was op 1 Julie 2008 twintig jaar indiens van die Kinderhuis. Tydens 'n spesiale geleentheid is 'n oorkonde met die volgende bewoording aan hulle oorhandig:

'Vir twintig jaar het Izak en Anso 'n verskil gemaak,

baie kinders se lewens met liefde aangeraak

Met waardigheid, simpatie en geduld

God se saak gedien- voorwaar vervuld

Menige kinders van die Woord geleer

Onophoudelik, sonder ophou, weer en weer

Getrou het hul natgegooi met God se woord

God het laat groei – hulp uit 'n ander oord.

'n Dankie klink so gering

Tog wil ons hiermee ons waardering bring

REVUE DOGTERS

v.l.n.r. Cecelia, La-Rochelle en Mariana

Deelname revuefees Sand du Plessis teater Bloemfontein

Potchefstroom Projek 2008

Drie en twintig studente en hoërskool leerders van verskeie Potchefstroomse gemeentes onder leiding van ds. Peet Coetzee, het gedurende die September vakansie die kinderhuis se dakke geverf. Die spreekwoord "Vele hande maak ligte werk" is inderdaad waar, want hulle het dit in twee dae vermag – bykans 5 000 vk m.

Teologiese student, Koos Nortje en sy werkers het vooraf die voorbereidingswerk op die dakke gedoen.Tannies Kleintjie Killian en Marthie Pretorius, onderskeidelik 92 jaar en 77 jaar het met die naaldwerk gehelp en Danie du Plessis het sweiswerk aan die onvoltooide pallasade heining gedoen.

Hierdie projek het die druk op ons begroting verlig en ons sien die Hand van die Here daarin.

Pres.Kruger Kinderhuis
Van Riebeeckstraat 2
Posbus 65
Reddersburg
9904

Tel: 051-5530086
Faks: 051-553 0086
E-mail:
kinderhuis@mweb.co.za

Vir kennisname van ons Donateurs

Bank: FNB

Rek No. 53542304729

Takkode: 231-532

Skenker kwitansie i.t.v. Artikel 28A van die Inkomste-belastingwet van 1962 is op aanvraag beskikbaar.

CHOMPIES

CHRISTUS HELP ONS MET PROBLEEMPIES

PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS REDDERSBURG

NUUSBRIEF NOVEMBER 2008

Belydenis aflegging

Ons hooftaak by die Kinderhuis is om kinders, wie aan ons sorg toevertrou word te beveilig, op te voed, te ontwikkel en gereed te maak vir die volwasse lewe.

By opname beskik die kinders oor gebrekkige of geen godsdienstige opvoeding.

Deur middel van daaglikse stiltetye, huisgodsdiens en weeklikse bybelstudie, kategese en kerkbywoning word hulle blootgestel aan die evangelie van ons Here Jesus.

Hul beste wapenrusting (bestuurderslisensies, skoolsertifikate, sportprestasies en terapie ten spyt) is Jesus Christus as persoonlike Verlosser en Saligmaker. Daarom is die belydenis aflegging 'n hoogtepunt op die Kinderhuis kalender. Familie, vakansie- en naweek ouers word uitgenooi vir die geleentheid. Ons pik 'n traan weg wanneer ons kinders voor die gemeente hul geloof bely na jare se geestelike insette deur verskillende rolspelers. Sommige word tydens die geleentheid ook gedoop.

Wat 'n voorreg om so evangelisasie in diens van die koning van die kerk te kan doen.

V.l.n.r Abel, Ruben, Frikkie en Willem

SKOOLVERLATERS

STEPHEN ERLANK



Vertel ons van jou lewe voor jy in hierdie Kinderhuis opgeneem is.

Ek was in 'n Veiligheidsplek en drie ander Kinderhuise en kan net onthou dat ek baie geboelie is.

Hoe lank is jy nou in President Kruger Kinderhuis, Reddersburg?

Ek is nou agt jaar hier en was elf jaar oud toe ek hier opgeneem is - baie hardegat en het niemand vertrou nie.

Hoe vind jy dit toe hier?

Hier is baie voorregte en geleenthede en jy word die hele tyd aangemoedig. Ek het stadig aan die Here leer ken, maar kon steeds nie my humeur beheer nie.

Wat was die keerpunt in jou lewe?

Ek dink twee dinge het 'n rol gespeel. Gedurende graad elf was ek in die belydenisklas en het ook weekliks psigoterapie ontvang by die sielkundige wie die Kinderhuis weekliks besoek. Ek het geleer om my aggressie beter te hanteer en om nader aan die Here te leef.

Wat is die hoogtepunt van jou Kinderhuislewe?

Dat ek die Leiersraad van die Kinderhuis en VRL van die skool kon haal. Hierdie jaar (graad twaalf) bly nogtans die "toughste" jaar met die meeste versoekings – ek voel goed dat ek die regte besluite kon neem.

Wat sou jou boodskap wees vir die ander Kinderhuis maats

Kies jou vriende versigtig, gryp die geleenthede aan en hou by jou woord.

FRIKKIE ROSSOUW

Ek is in die begin van my graad elf jaar vanaf 'n ander Kinderhuis oorgeplaas na die Pres. Kruger Kinderhuis in Reddersburg, om nader aan my ma te kan wees.

Vroeër het ek drooggemaak, min selfvertroue gehad en godsdiens was nie vir my belangrik nie. Hier het ek 'n ander "vibe" opgetel – meer vryhede en geleenthede en dit het vir my gevoel of die mense in my glo.

Ek is akademies gedruk om beter te doen en aangemoedig met my rugby sodat ek die Gariep span gehaal het. Godsdienstig het ek so gegroei dat ek vanjaar kringleier by die CSV was en nou in my matriekjaar belydenis van geloof afgelê het.

Wanneer ek volgende jaar my vakleerlingskap by die myn op Klerksdorp gaan begin..... gaan ek my meisie Cecelia baie mis.

PROVINSIALE RUGBYSPELERS



Danie (0/13), Marius (0/16), Stephen en Frikkie (0/19)